Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 5. Kaapstad, Woensdag, 9 Oktober 1946. No. 46.

# Stuur van Geld Nou Ook Verbode

## Verdere Wraakmaatreëls

**Om sy daadwerklike deel by te dra tot die wraakuitoefening van die Geallieerde volkere teenoor Duitsland, het die regering alle handelsbanke in die Unie verbied om geldwissels aan noodlenigingsorganisasies in Switserland te stuur wat hulle beywer vir die aankoop van klere en lewensmiddele vir die Duitse volk. Die verbod het alleen betrekking op geld wat met die oog op noodleniging gestuur word en skakel nie gewone handelstransaksies uit nie.**

Dit was tot verlede week moontlik om wissels ten bedrae van £10, waarvan nie meer as £5 vir die aankoop van voedsel bedoel is, na Switserland te stuur. Enige handelsbank het hierdie transaksie behartig. Volgens opdrag van die staat, soos vervat in 'n omsendbrief, is dit voortaan buite orde.

Soos reeds voorheen berig, bestaan daar 'n hele aantal hulporganisasies in Switserland wat spesiaal in die lewe geroep is met die doel om die nood in die geteisterde lande te verlig. Hulle het 'n beroep gedoen op die menslikheidsgevoel van die volke wat in staat is om hulp te verleen deur klerepakkies en fondse aan hulle te stuur wat hulle dan aanwend om die nood te verlig. Nou is die versending van pakkies sowel as die stuur van geld vir voedsel belet.

Die feit dat die verbod op die versending van geld net betrekking het op noodleniging, verskerp die indruk dat dit hier gaan om wraakmaatreëls teen 'n verslane volk.

### VERKEERD GESTUUR

Gedurende die afgelope weke het die Vriendskapsentrum, Groote Kerkgebou, Kaapstad, 'n aantal pakkies met ou klere ontvang wat bedoel is vir noodleniging in Duitsland. Die aandag word daarop gevestig dat sodanige klere nie na genoemde sentrum gestuur moet word nie, maar aan die Kaaplandse Komitee vir Noodleniging, p/a mev. B. Steytler, Albertweg 20, Tamboerskloof, Kaapstad.

# Barbarisme Triomfeer In Neurenberg

***Die bloedwraak van die oorwinnaars het verlede Dinsdag in Neurenberg sy finale beslag gekry toe 'n hof bestaande uit die vier vyande van Duitsland „uitspraak" gedoen het oor 22 Duitse leiers, van wie een reeds aan die end van die oorlog die lewe ingeskiet het.***

Twaalf van die leiers, onder wie drie van Duitsland se hoogste offisiere, is tot die galgdood veroordeel, terwyl die „vonnisse" van die ander wissel van lewenslank tot tien jaar, terwyl drie vrygespreek is.

Binne enkele ure nadat die „vonnisse" gevel is, het die Geallieerde beheerraad in Berlyn dit bekragtig en die datum van die teregstellings vir 16 Oktober bepaal. Hierdie liggaam het die mag om die vonnisse te versag.

Die „uitspraak" en vonnisse is om die beurt deur die vier regters voorgelees en dit het so geval dat die Russiese regter die uitspraak oor Rudolf Hess waargeneem het, waarin o.a. die volgende voorkom: „Hess was 'n gewillige medepligtige in Duitse agressie teen Oostenryk, Tsjeggo-Slowakye en Pole."

Namens sestien van die gevonnisde Duitse leiers is aansoek gedoen, òf deur hulself, òf deur hul familiebetrekkinge, om verandering van hul vonnisse.

Adm. Räder, wat tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel is, het aansoek gedoen om die doodvonnis. Hy erken geensins skuld nie maar meen dat sy persoonlike leefwyse 'n behoorlike dood verdien i.p.v. wegkwyning in 'n tronk. Hy is 70 jaar oud.

> **DIE VONNISSE**
>
> **Besonderhede omtrent die vonnisse en lewens van die veroordeeldes verskyn op bladsye twee en drie.**

Die drie leiers wat nie om verandering van vonnis aansoek gedoen het nie is Kaltenbrunner, Von Shirach en Albert Speer.

### DUITSE VOLK SWYG

Die Geallieerde pers het die aanvanklik die indruk probeer skep asof die hele wêreld en veral die Duitse volk die vonnisse verwelkom. Die aanhalings uit buitelandse publikasies het egter selde buite die kring van kommunistiese koerante gekom. Duitse werkers sou selfs in Berlyn gestaak het uit protes teen die vrylating van drie van die manne. Later het egter geblyk dat die hele protes 'n mislukte poging van die kommunistiese leiers was wat geen ondersteuning van die Duitsers ontvang het nie.

Die Berlynse korrespondent van die Londense Times het in dié verband as volg berig:

> **„Altesame het omtrent 20,000 hul werk vir tien minute gestaak, wat 'n onbeduidende persentasie van die Berlynse werkende bevolking is."**

Van die politieke partye sou ook swaarder strawwe geëis het, maar Reuter moes toegee dat die sterkste party, die Christelike Demokratiese Party, 'n waardige swye bewaar het.

### BEDENKINGE

Intussen dring die kommunistiese maghebbers aan op 'n verdere verhoor nie net van die drie losgelate manne nie, maar selfs van diegene wat langtermyn tronkstraf opgelê is.

**Uit Washington is berig dat in juridiese kringe bedenkings geopper is teen die gesag en prosedure van die Neurenbergse hof, en dat die Amerikaanse leërhoofde baie sterk gekant is teen die veroordeling van die militêre leiers. Die doodvonnisse op Keitel en Jodl en die tronkstraf vir Räder en Dönitz, wat soldate was wat eenvoudig hul bevele uitgevoer het, maak die doodstraf vir die toekoms ook van toepassing op manne soos Montgomery en Eisenhower in geval hulle 'n oorlog sou verloor, aangesien die reg in elk geval aan die wenkant is. Hoë offisiere staan dus nou voor die keuse om òf by die uitbreek van die oorlog hulle te laat doodskiet as weieraars òf die gevaar te loop om aan die einde van die oorlog opgehang te word.**

Die Russiese regter het hom nie vereenselwig met die vrylating van drie van die leiers nie en het ook geëis dat Hess opgehang moes word in plaas van lewenslange tronkstraf.

### WAARDIG

**Die veroordeeldes het 'n merkwaardige dapperheid aan die dag gelê wat selfs die regters beïndruk het. Volgens Reuter het Norman Birkett, die Britse assistent-regter, na afloop van die sitting gesê: „Hul gedrag in die hof was uiters indrukwekkend en 'n toonbeeld van waardigheid."**

Persmanne het berig dat hulle geen aanduiding van emosie gegee het onderwyl die uitspraak gelees is nie, en dat hulle tydens die pouse selfs vrolik rondgestaan en toebroodjies eet het.




**In tragiese uur van die wêreld herdenk die Afrikanervolk môre sy President se verjaardag. Hy het gelewe vir 'n Republiek en het in ballingskap gesterf as slagoffer van Britse agressie.**

# Word Dr. Van Eck Vir Gek Gehou?

Dr. H. J. van Eck, direkteur van voedselvoorrade, het verlede week aangekondig dat daar nou afgesien is van die individuele rantsoeneringstelsel omdat die voedselposisie in die Unie sou verbeter het. veral ten gevolge van gladder distribusie in die handel. Daar sal geen koepons meer aan die publiek uitgereik word vir skaars artikels nie.

Die verklaring van die Voedseldirekteur het soos 'n verrassing gekom, veral na die eerste aankondigings dat die koeponstelsel ook op ander skaars artikels as voedsel toegepas sou word, waar die botterkwota inderdaad tans tot 40 persent verminder is en die suikertekort vir die komende jaar gaan toeneem weens die droogte in Natal, kan die verklaring nie anders opgeneem word nie as dat die regering rantsoenering nou laat val het soos 'n warm patat nadat hy 'n paar maande lank 'n baie bekwame amptenaar se tyd daarmee verspeel het in 'n poging om die publiek gewoon te maak aan 'n toestand van gebrek.

*Volg u voorouers se raad en gebruik BOEGOESALF om u van lastige Verkoues, Hoes, Rumatiek, Winterhande, ens., te bevry*




**BOEGOESALF**
**Die Oorspronklike P-HAU-SALF**
Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier
HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.
Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD



HERMAN W. GöRING.



FRANS VON PAPEN.



RUDOLF HESS.

# Slagoffers Van Neurenberg

***Onderstaande is kort lewensketse van die Duitse leiers wat ter dood veroordeel is. Hierdie leiers word op Woensdag, 16 Oktober, tereggestel***

HERMAN GöRING was en is een van die mees gewilde leiers van die Duitse volk. Hy het sy gewildheid te danke aan sy vriendelike en gemaklike omgang met sy medemense.

Hy het hom gedurende die Eerste Wêreldoorlog as een van die dapperste en mees onverskrokke soldate geopenbaar. As hoof van die beroemde Richthofen-eskadrilje (na die dood van Von Richthofen) het hy die hoogste militêre onderskeiding verwerf en is deur vriend en vyand bewonder. Göring was een van die eerste volgelinge van Adolf Hitler en het 'n tiental ampte in die Duitse regering beklee. Hy was o.a. president van die Ryksdag, generaal van die Duitse weermag, minister van lugvaart, eerste minister van Pruise, hoof van die Duitse boswese, belas met die jagaangeleenthede van die land, direkteur van televisie, en maarskalk van die Duitse Luftwaffe.



WILHELM KEITEL.

JOACHIM VON RIBBENTROP wat op 30 April in Hannover gebore is, het sy skoolopleiding in Engeland en Switserland ontvang. Gedurende die vorige wêreldoorlog het hy as offsier in die Duitse leër gedien. Ná die oorlog het hy hom met sukses aan die politiek gewy en het 'n daadwerklike deel bygedra tot die opbou van die Nazi-party. Sy eerste sukses as diplomaat was dié van die onderhoud tussen Hitler en Von Papen waar laasgenoemde ingewillig het om die buitelandse sake in die hande van Hitler te laat. In 1936 is hy benoem tot Duitse ambassadeur in Londen. In 1938 word hy minister van buitelandse sake, en neem 'n leidende rol in die München-ooreenkoms. Hy was verantwoordelik vir die nie-aanvalverdrag tussen Rusland en Duitsland in Augustus 1939.

WILHELM KEITEL is op 22 September 1882 gebore uit 'n geslag van offisiere. In 1910 word hy luitenant. Na die Eerste Wêreldoorlog is hy tot kaptein bevorder en het hy instrukteur in die Reichswehrskole geword. In 1934 is hy bevorder tot majoor-generaal en in 1938 word hy hoof van die Duitse weermag. Gedurende 1940 word hy opperbevelhebber van die Spiltroepe in Noord-Afrika. Hy was die militêre raadgewer van Hitler en het hom op alle belangrike togte vergesel.

ALFRED ROSENBERG het as Duitse filosoof die eerste Nazi-program opgestel, en is die skepper van die naam, die Derde Duitse Ryk. Hy is in Estland gebore en het hom ná die wêreldoorlog aan die sy van Hitler geskaar. Hy is verantwoordelik vir die nas. sosialistiese rasseleer en was 'n heftige teenstander van Bolsjewisme.

ALFRED JODL, hoof van die Duitse generale staf, was gedurende die Eerste Wêreldoorlog lid van die Duitse spoenasiediens en later lid van die oorlogsministerie. In 1935 is hy bevorder tot kolonel. In die laaste maande van die oorlog was hy Hitler se persoonlike militêre raadgewer, en het die oorgawe gehelp bewerkstellig.

JULIUS STREICHER, gebore 12 Februarie 1885, was een van die eerste volgelinge van Adolf Hitler en was op verskeie kere in die tronk vanweë sy politieke bedrywighede en het sedert die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog die stryd teen die Jode aangebind. Hy is saam met Hitler in 1923 in die tronk gesit as gevolg van sy deelname aan die „putch". Hy was die eienaar van die anti-Joodse blad Der Stürmer, waarvoor hy ook een keer in die tronk beland het.

DR. WILHELM FRICK was die eerste nasionaal-sosialistiese minister in die nuwe Duitsland. Hy is gebore op 12 Maart 1877 en word in 1924 lid van die Ryksdag. Hy was 'n vertroueling van Hitler en het minister van binnelandse sake onder Hitler geword.



JOACHIM VON RIBBENTROP

DR. HANS FRANK, gebore 23 Mei 1900, het hom reeds in 1919 as student in München aan die sy van Adolf Hitler geskaar en het later opgetree as regsadviseur van Hitler. Hy neem so ook 'n leidende aandeel in die opstel van die partyprogram, en is een van die grondleggers van die nasionaal-sosialistiese regspraktyk en Duitse brugerlike reg. Tydens die oorlog was hy goewerneur van die Duits-besette gebied van Pole.

DR. ARTHUR SEYS-INQUART is gebore op 22 Julie 1892 en is as soldaat gedurende die Eerste Wêreldoorlog verskeie kere aan die Russiese, Italiaanse en Roemeense fronte gewond. Hy is vier maal eervol vermeld. Hy het 'n leidende rol gespeel in die besetting van Oostenryk in 1938, en word daarna kanselier van Oostenryk. Hy was ook kommissaris vir besette Nederland.



ERICH RäDER

FRITZ SAUKEL was hoof van die Duitse arbeidskrag gedurende die Hitler-bewind. Hy het die Duitse arbeid gemobiliseer en was verantwoordelik vir produksievermoë van Duitsland.

**POLISIEMAG AANGEVUL:** Die getalsterkte van die Suid-Afrikaanse polisiemag is binne een jaar met meer as 4,000 man aangevul. Rekrute meld hulle nog steeds aan. Min. Lawrence het verklaar dat die toestand nou weer onder beheer is, en het die hoop uitgespreek dat daar volgende jaar magtiging gegee sal word om die getalle van die polisiemag uit te brei.

**VLIEGTUIG SKEP REKORD:** Die langste ononderbroke vlug sedert die beginstadium van die vliegkuns is deur 'n Amerikaanse „Lockheed-Neptune-vliegtuig behaal toe hy 11,237 myl afgelê het sonder om een keer te land. Die vlug het plaasgevind tussen Australië en Amerika en is afgelê in 55 uur, 18 minute.


*VRA BY SPOORWEGBOEKSTALLE*

VIR

**WAPENSKOU**

*WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF*

**Intekening 12/6 per jaar by Wapenskou, Bus 28 STELLENBOSCH**






Nr. 1

*PAS UIT DIE PERS*

'n Groot historiese roman oor die Stryd van die Georganiseerde Afrikanerdom gedurende die Oorlogsjare 1939—1945.

Die Aandeel van elke Lid van hierdie Beweging word daadwerklik uitgebeeld in

**SONDER GEWERE**

*deur* S. J. DE JONGH

**Verhale van**

Heldemoed, Waagdade, Verraad, Ontberings, Luistervinke, Aangewery, Ontsnappings uit die Fort en Interneringskamp, Voortvlugting, Liefde, Kameraadskap.

**Die Verhaal van**

Die grootse, opofferende, selfverloënende dade van die Boerevrou en -Moeder in hierdie onvergeetlike jare.

**Die Verhaal van**

Die verset van die Boerevolk teen Imperialistiese oorheersing, agtervolging en onderdrukking.

**Die Verhaal van**

**'N VOLK WAT WEIER OM VERKNEG TE WORD.**

Prys 12/-, posvry 12/6.
*Bestel onmiddellik!*

Dit is die eerste Nr. in die opspraakwekkende Doringdraadreeks. Teken nou in op die hele reeks.

*BESTELVORM*

*Aan: Publicitè, Posbus 4892, Johannesburg.*

Stuur my asb. ............ eksemplare „Sonder Gewere", teen 12/6 posvry, waarvoor ek £............ insluit.

Naam ............................................

Adres ............................................

*Handtekening*

O.B. 25/9/46.

# Neurenberg—Die Mensdom Walg!

*Onder datum 2 Oktober skryf die K.G., dr. Hans van Rensburg, as volg oor die Neurenbergse „uitspraak":—*

*„Offisiere wat vyf jaar lank 'n wêreldoorlog in die vervulling van hul soldateplig gestaan het, die moet op die uitspraak van 'n Lord Justice Lawrence en sy Russiese en Amerikaanse mederegters van Neurenberg nou onder die skavot tree.*

*„Hermann Göring, Keitel, Jodl — die hoofde van die Wehrmacht wat die laaste bolwerk van Europa teen die Asiate en die kommunisme was, dié moet hang. En die menere wat hulle na die skavot stuur is die verteenwoordigers van 'n staat wat die atoombomme op die weerlose moeders en suigelinge van Hirosjima en Nagasaki gewerp het; van 'n staat wat die Satanisme in Rusland, Oos- en Midde-Europa ingevoer het; van 'n Empire wat met die grootste agressie in die wêreldgeskiedenis 'n kwart van die aardbol rooi geskilder het — met hongerblokkades en konsentrasiekampe rooi geskilder het!*

*„DAARMEE IS DIE OU MOORDKREET „VAE VICTIS!", „WEE DIE OORWONNENES!", TOT 'N DEEL VAN DIE INTERNASIONALE „REG" VERHEF.*

*Ook Tsjaka en Dingaan het hierdie reël gevolg . . . . maar selfs Tsjaka en Dingaan het nie agter 'n Lord Justice Lawrence en sy maters probeer skuil nie.*

*„Wat die Engelse nou in Neurenberg doen, het hulle al ook tevore in Rouen gedoen, met die Franse jonkvrou Johanna. En die skande van Rouen is vandag nog Engeland s'n.*

*„Die mensdom walg vir Neurenberg — EN HY WALG NIE VIR DIE AANGEKLAAGDES VAN NEURENBERG NIE.*

*„Die soldateroem van Göring, Keitel, Jodl en hul kamerade berus by die Wêreldgeskiedenis . . . . nie by een of ander Lawrence en die syne nie.*

*„Vir baie dinge in hierdie oorlog kan ons persoonlik dankbaar wees; een daarvan is dat ons VAN DIE BEGIN VAN DIE OORLOG AF ons gedisassosieer het van die elemente wie se skynheiligheid nou in Neurenberg gekulmineer het."*

# 'Mensdom Terug Na Vergange Eeue'

Genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., skryf:—

Die Neurenbergse wraakneming voer die mensdom terug tot die heidense bloedwraak van vergange eeue!

**Die oorloë van die toekoms waarvan die wêreld swanger is, gaan nou voortaan gevegte tot die dood toe word. Daar gaan geen oorgawe, geen wapenstilstand, geen vredesluitings meer wees nie, want die sterkstes sal, soos Engeland, Amerika en Rusland nou doen, folter-hofsittings hou om galgvonnisse te vel!**

Daar sal nie meer eerbied vir 'n witvlag, 'n Rooikruis wees nie. Helde sal nie mag leef nie. Hulle word galg-toe gestuur, tensy hulle veg tot hulle neergevel word. Dit is die presedent wat te Neurenberg geskep is.

Maar daar is 'n ander, 'n meer onmiddellike uitwerking van daardie Neurenbergse besluit. **Diegene wat nog aan fatsoenlikheid en christelikheid glo, is so geskok, en hulle wat gehoop het in ten minste 'n beter verstandhouding en beter betrekkinge tussen Engeland en die Afrikanerdom en tussen Suid-Afrika en Amerika, sien Engeland en Amerika nou in 'n ander lig, nl. as die instrumente van barbaarsheid, heidense praktyke; wat Engeland betref, weer in die lig van die onvergeetlike Scheepers-episode wat die kloof so baie wyd tussen Brit en Boer in Suid-Afrika gemaak het en wat Amerika betref as 'n groot gevaar en vyand van die mensheid.** Van die kant van Rusland, so is ons deur Churchill jare gelede beduie, het die christendom niks meer verwag as wat die Afrikaner van 'n Tsjaka- of Dingaan-bewind in Suid-Afrika verwag het nie. Van Engeland, desondanks die Scheepersmoord en moordkampe, en van Amerika, desondanks sy helse moordwapen in die vorm van die atoombom, het ons in Suid-Afrika tot verlede week iets meer christeliks en genadigs verwag.

Die Neurenbergse gebeurtenisse het 'n onuitwisbare teensin in en afsku van Amerika en Engeland onder die meerderheid van Afrikaners gebring. Die kloof is wyer en dieper gemaak. En wat die slagoffers van hierdie na-oorlogse wraakneming betref, daardie Duitse leiers, hulle is tot helde, martelare van die christelike beskawing verhef. God seën hulle.

Saam met my bring duisende hulde en respek aan 'n Göring en sy kamerade. Hulle is redders geword van die naam en faam van die Duitse volk en martelare van 'n bedreigde christendom.

## Die Slagoffers En Hul Lot

Die „vonnisse" wat die 22 Duitse leiers opgelê is, is as volg:

**DOODSTRAF (AAN DIE GALG)**

HERMAN WILHELM GöRING (53), hoof van die Duitse Luftwaffe.

JOACHIM VON RIBBENTROP (52), minister van buitelandse sake en voormalige ambassadeur in Londen.

WILHELM KEITEL (63), hoof van die Duitse opperbevel.

ALFRED ROSENBERG (52), Duitse filosoof en minister van die besette gebied in die Ooste.

HANS FRANK (45), goewerneur van besette Pole.

WILHELM FRICK (69), goewerneur van Boheme en Morawië en voormalige minister van binnelandse sake.

JULIUS STREICHER (60), uitgewer van die anti-Joodse blad, Der Stürmer.

FRITZ SAUKEL (48), hoof van die arbeidskrag.

ALFRED JODL (54), hoof van die generale staf.

ARTHUR SEYS-INQUART (53), kommissaris vir besette Nederland en voormalige kanselier van Oostenryk.

MARTIN BORNMAN, Adolf Hitler se adjunk na Hess se afwesigheid na Brittanje. (Reeds dood en gevonnis in sy afwesigheid.)

**LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF**

RUDOLF HESS (54), Hitler se plaasvervanger.

WALTER FUNK (55), minister van ekonomie en president van die Reichsbank.

ERICH RäDER (70), voormalige hoof van die Duitse vloot.

**TWINTIG JAAR GEVANGENISSTRAF**

BALDUR VON SCHIRACH (38), leier van die Duitse Hitler-jeugbeweging.

ALBERT SPEER (39), minister van bewapening.

**VYFTIEN JAAR TRONKSTRAF**

BARON CONSTANTIN VON NEURATH (72), voormalige minister van buitelandse sake.

**TIEN JAAR TRONKSTRAF**

KARL DöNITZ (53), staatshoof na die dood van Hitler, opperbevelhebber van die vloot en hoof van die duikbootvloot.

**VRYGESPREEK**

HJALMER SCHAGT (69), voormalige minister van ekonomie en hoof van die Reichsbank.

FRANS VON PAPEN (67), ambassadeur in Turkye, ook voormalige kanselier van Duitsland.

FREIHERR VON FRITSCHE (66), leërhoof.

## DUITSE SLAWE WIL TERUGKEER

Duisende Duitse krygsgevangenes in kampe in Italië het verlede week gestaak. Hulle het geweier om die kamp te verlaat en het in die kampe rondgemarsjeer en plakkate gedra waarop die woorde: „Ons wil huis-toe gaan" aangebring is. „Die betogings het so 'n omvang aangeneem dat die Amerikaanse kampwagte versterk moes word.


Stuur u POSBESTELLINGS vir
- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MôREMARK (Posbus 7185) Newton

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

TOT U DIENS . . .
Geldenhuys Ingenieurswerke
- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW
Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng)

ONS NUWE
Baadjie- en Jumperpakke
van Linne wat nie kreukel nie, is baie deftig.
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

R. W. van Ryn

BRILMAKER
Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.
ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

„In hierdie ou tranedal waarin een medemens besig is om soos gewonde bobbejane die ander se ingewande uit te pluk is daar al genoeg ellint. Dit is 'n onvergeeflike sonde om daar nog meer te wil inprop."

DIE „ELLINT" VAN HIERDIE BOEK SAL U LAAT SKATERLAG.

LAG SAAM!

U *moet* hierdie boek lees

Skoorsoek
deur
DANIE STEGMAN
8/4 posvry.

'n Humoristiese Roman.

„Die vreemde, soms baie koddige sinswen dinge, raak gesegdes en frisse woordeskat is van kultuurwaarde. 'n Verdienstelike werk."
— 'n Beoordelaar.




TWEEDE UITGAWE IN DIE PRO ECCLESIA-BIBLIOTEEK. IS U AL LID? VRA OM BESONDERHEDE.

*NUWE BOEKE!*

| | | |
|---|---|---|
| Johann van der Post — Die Skender . . . . | 8/9 | posvry. |
| Sannie Visser — Die Wit Vlag . . . . . . . . | 8/9 | „ |
| Theunis Krogh—Die Kuns van Janse Cloete | 8/3 | „ |
| Donald Fouche — Ek hou van 'n Man . . . . | 8/9 | „ |
| A. J. du Plessis — Die Moord op Rietvlei . . | 9/3 | „ |
| Ben Conradie — Sy Verlore Nooientjie . . | 7/9 | „ |
| Casper Bosman — Staan en Vlug . . . . . . | 8/3 | „ |
| Sophie Roux — Soos die Peerbome Bot . . | 6/6 | „ |
| Topsy Smith — Bokshelde van die Wêreld | 7/9 | „ |
| L. Lambinon — Die Romentiek van Ons Geslagslewe . . . . . . . . . . . . . . . . | 9/9 | „ |
| Mikro — Op die Spoor . . . . . . . . . . . . . . | 8/3 | „ |
| Edgar Rice Burroughs: Tarzan Keer Terug | 9/6 | „ |
| Edgar Rice Burroughs — Tarzan die Aapman . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 10/- | „ |
| Ela Spence — Bevryding . . . . . . . . . . . . | 6/9 | „ |
| G. Lampen — 'n Uitoorlê-spel . . . . . . . . | 6/3 | „ |

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
POSBUS 29 — STELLENBOSCH

DIE O.B., WOENSDAG, 9 OKTOBER 1946.

# Geen Woord Dáárvoor

As dit regspleging was dan het die gereg verlede week met 'n verkankerde gelaat gegrynslag toe doodsvonnisse en lewenslange tronkstraf oor die hoofde van Duitse militêre en politieke leiers te Neurenberg uitgespreek is. Ons wil nie weer stil staan by die onwettigheid van die „hof" wat sy samestelling betref nie; ook nie uitwei oor die feit dat die beskuldigdes na hul einde gestuur word ingevolge 'n internasionale „wet" **wat vir die eerste keer eers geformuleer is nadat die „oortreders" gevange geneem was nie.**

Dit is ook nie nodig nie om na Engeland se 29 agressiewe oorloë in die afgelope 125 jaar te verwys wat hom meester van een-kwart van die aardbol gemaak het en wat sy oorlogsleier Churchill hom nie bereid verklaar het om te likwideer nie. Die nuwe wet het mos toe nog nie gegeld nie — **ook nie die besorgdheid oor klein staatjies soos Transvaal en die Vrystaat nie. Hierdie besorgdheid is maar 'n latere ontwikkeling wat op hierdie stadium in elk geval nog nie verder as die Curzon-lyn in Pole strek nie.**

Nee, die gereg — as dit dan gereg genoem MOET word — het gegrynslag omdat diegene wat hulself met die uitvoering daarvan belas het, die aangesig van die gereg verkanker het met hul huidige dade.

### ROOI REVOLUSIE

Op die regbank het gesit 'n Bolsjewis uit Asië, verteenwoordigende 'n staat wat ontvang en gebore is uit die revolusie-idee, opgegroei het in die verslawing van 170,000,000 van sy eie mense **en wat openlik en dwepend afstuur op sy lewensideaal: omverwerping van elke nie-kommunistiese staat en die Christelike beskawing.** Hierdie staat is deur sogenaamde Christene toegelaat om sy deel van die uitspraak en vonnis te lees **waarin die verwysing na Pole voorkom, onderwyl hy op daardie selfde oomblik met een-derde van Pole sit as buit wat hy in September 1939 afgeskeur het van die landjie om wie se ontwil Brittanje en Amerika in die oorlog gegaan het! En om die ander deel van Pole word Duitse leiers na die galg gestuur!**

As dit nie die toppunt van sinisme is nie dan het die wêreld nog nie die bodem van sy verval bereik nie.

Op die regbank het sitting geneem Engeland. En onderwyl sy verteenwoordiger in Neurenberg strawwe oorpeins het vir „die opkommandering van burgerlike werkers" **is berig dat Duitse meisies en vroue verpligte diens moet doen in die huise van Britse offisiere sonder die reg om hul „dienskontrakte" met kennisgewing op te sê!**

As dit dan om reg en geregtigheid gaan, maak dit dan saak of die reg geskend word ten opsigte van soveel miljoen vakmanne of soveel duisend diensmeisies?

En 'n dag vóór die uitspraak van die Neurenbergse „hof" oor die misdaad van „deportasie van mense as slawewerkers" het **Reuter berig dat nuwe Duitse gevangenes nog steeds in Brittanje aankom om daar slawearbeid te verrig — nadat 50,000 van hulle spesiaal uit Kanada en elders toegevoeg is by die getalle wat reeds in Engeland besig was om die Britse arbeidsvraagstuk op te los.**

As dit dan om reg en geregtigheid gaan, watter verskil maak dit of Franse verplig word om vir Duitsers te gaan werk of Duitsers verplig word om vir Britte te gaan slaaf?

Duitse leiers is galg toe gestuur deur 'n Britse regter op grond van „mishandeling van burgerlikes in besette gebiede" en „verpligting van burgerlikes om die eed van getrouheid aan 'n vyandsmoondheid af te lê." **Solank hierdie regter besig was om na die bewysvoerings te luister het Britse besettingsamptenare 'n Duitser vir 'n jaar tronk toe gestuur omdat hy nie op aandag gaan staan het vir die portret van die Britse koning tydens 'n vermaaklikheidsbyeenkoms nie.** Ook dit is berig in die Britse pers.

As dit om reg en geregtigheid gegaan het, watter verskil maak dit of dit 'n Tsjeg is wat „Heil Hitler" moet skreeu of 'n Duitser wat „Heil George" moet roep?

### „MOORD EN VEWOESTING"

Ook die V.S.A. het sy deel van die regspraak waargeneem oor „plundering", „moord" en „roekelose vernieling en verwoesting." Maar onderwyl hy in Neurenberg hieroor vir altyd 'n voorbeeld van Duitse leiers wou maak, **is portrette in Amerika geneem van „Frau Göring se juwele" wat nou nie meer aan „Frau Göring behoort nie; is in die Amerikaanse pers berig van Duitse kunsskatte wat voortaan in daardie land „bewaar" sal word — net soos die Johannesburgse stadsraad ook aansoek gedoen het om te deel in die kunsskatte wat die Unie-regering „gekonfiskeer" het! En om die kroon te span, is daar tydens die „verhoor" saaklike rapporte gepubliseer oor die massa-moord by geleentheid van die eerste twee proefnemings met die atoombom. Die slagoffers van Hirosjima alleen is amptelik aangegee as 306,545 mans, vroue en kinders!**

Amerika se president het ook by Potsdam ingestem dat 10,000,000 Duitsers en Pole na ander gebiede gedeporteer moet **word en hierdie aaklige proses het onafgebroke voortgeduur onderwyl Amerika in Neurenberg besig was met sy proses om Duitse leiers galg toe te stuur vir „deportasie en ander onmenslike dade"!** En onderwyl Amerika se regter sy uitspraak voorberei het, het Amerika se minister van buitelandse sake in Stuttgart te kenne gegee dat Amerika miskien sal eis dat daardie 10,000,000 mense — of soveel as wat oorgebly het — weer teruggeskuiwe sal word. En 'n Josef Stalin het op die „onmenslikheid" van so 'n voorneme gewys!

Regspraak?

„Geregtelike moord" is die benaming wat 'n Engelse blad van Natal daaraan gegee het. Mense buite die kring van Engelssprekendes kan egter geen woord daarvoor vind nie.

# Volkseenheid Soos Oom Paul Dit Beoog Het

(DEUR PETRA.)

**Een van die mees uitstaande kenmerke van Paul Kruger se lewe in diens van sy volk was dat hy deurgaans die diepere beginseleenheid wou handhaaf en beskerm;** dink maar aan sy grootmoedige en koersvaste leiding in verband met die onenighede tussen Pretorius en Boshoff, en later tussen Pretorius en Schoeman; deur sy bemoeiinge is 'n ooreenkoms aangegaan met president F. W. Reitz van die O.V.S. om op dié wyse die twee Boererepublieke saam te snoer; met die presidentsverkiesing in die Transvaalse republiek het Kruger en Joubert nie die volksgeledere gaan omskep in 'n twiskraal, sodat hulle soos toutrekspanne moes bly heen en weer skoffel en mekaar magteloos wurg nie. Die geskiedenis getuig onteenseglik van die teendeel: Hierdie twee kandidate het mekaar nie terwille van stemkruisies gaan verwens en beswadder nie, nee, hulle het mekaar se rekwisisies geteken, hulle het saam op die platforms en bokwaens die volk toegespreek oor hulle kandidatuur, die een het ook vir die ander gestem, en hulle het op alle moontlike maniere verhoed dat twis of verdeeldheid onder die volk gesaai sal word, selfs en veral na die verkiesing, want daar was samesnoering van hulle kragte ten behoewe van die groot volksaak wat vir hulle albei dierbaar was.

Ná die vredesluiting in 1902 het die gryse balling dit as sy oortuiging uitgespreek dat met eenheid van sin en eenheid van kragte weer opgerig kan word wat vernietig, verniel en verpletter was, en hy gaan verder om sy volk te vermaan: Vergeet nooit die ernstige waarskuwing wat geleë is in die woord: verdeel en heers nie, en waak dat hierdie woord op die Afrikaanse volk nooit van toepassing sal kan wees nie. In die beoefening van saamhorige nasieliefde en nasiediens, het hy die uiteindelike heil van sy swaarbeproefde volk gesien, en hy eindig met te verklaar: „Ik heb geleerd te berusten bij de bittere gedachte de oogen te zullen sluiten in den vreemde als een balling, bijna geheel alleen, ver van bloedverwant en vrienden, die ik waarschijnlik nooit zal wederzien, ver van den Afrikaanschen grond die ik wellicht nooit weer betreden zal, ver van het land waaraan ik mijn beste gewijd heb om het te openen voor de beschaving en waar ik een eigen natie zag ontwikkelen. Maar die bitterheid zal worden verzacht, zoolang ik de overtuiging mag blijven koesteren dat het eenmaal aangevangen werk wordt voorgezet. Want dan houden wij staande de hoop en de verwachting dat het einde van dat werk goed zal wezen."

### TWIS BESTENDIG

Nie net Paul Kruger nie, maar ook die Britse oorheersers het besef dat die koördinering van alle Afrikanerkragte noodwendig moes lei tot groot dinge en dat daar uit die stof van vernedering 'n magtige wedergeboorte sal kan plaasvind. **Downingstraat het hiervoor raad geweet, en het broedertwis ook na die totstandkoming van die Unie bestendig deur die parlementêre stelsel, wat ten minste twee twiskampe vereis, netso onomstootlik as wat 'n vis vir sy bestaan water nodig het.**

Engelse selfbestuur, het Paul Kruger reeds in 1879 verklaar, beteken: Steek jou kop in die strop dat ek jou kan ophang; dan kan jy met jou bene so vry rondskop as jy wil. Ons het mekaar met al die vergalde partyvetes dan ook in die afgelope jare voos kolle geskop, en vir 'n groot deel het ons volk noual so tuisgeraak met hierdie wansmakige party-politiek, dat hulle dit as iets onmiskenbaar, en selfs histories eie aan die Afrikanervolk beskou. **In die tyd van President Kruger het ons gehad 'n volk in beweging, nou sit ons vasgenet in die partywese, die mees tipiese verskynsel van die moderne liberale demokrasie; dit hou nouer verband met georganiseerde groepsbelange as met die ware volksbelang; dit rig hom meer na die stemming van die massa as na die nasionale belang, want dit offer maar alte graag die toekoms op aan die sukses van die oomblik.**

Spengler skrywe in wanhopige stemming in verband met die Duitse volk na die Eerste Wêreldoorlog: „Ons het nie meer 'n vaderland nie, dog partye, geen reg nie, dog partye, geen doel, geen toekoms meer, dog belange van partye." (Politische Schriften, 194.) So werk die hiel van die veroweraar.

Elke politieke party vrees die ongewildheid, en tog is daar geen ware leiding moontlik sonder, meestal tydelike, ongewildheid nie. Paul Kruger het beslis nie die volk na die mond probeer praat nie.

### BELANGESPEL

Partyversplintering werk agitasie en demagogie in die hand of bespoedig die vorming van nuwe politieke groepe, wat in die kapitalistiese lande 'n baie spesiale ekonomiese belang behartig. Die partywese sak dan af tot „Interessenbetrieb". Die modern-kapitalistiese lewenstyl met sy gemeganiseerde kultuur het op politieke partye 'n diepgaande invloed uitgeoefen. In die politieke stryd om die bestaan was aaneensluiting op grond van staatkundige of sosiale oortuiging nie genoeg nie; dit moes om welslae te verseker die vorm van 'n hegte organisasie aanneem. Hoe groter, magtiger en ryker die partyorganisasie was, hoe meer dit 'n tipies-burokratiese karakter aangeneem het. **Die wêreldbeskouing wat aan die oorspronklike oortuiging ten grondslag gelê het, het begin wyk vir 'n „program" wat op die eise van verkiesingskampanjes ingestel was. Die partyburokrasie het geleidelik kontak verloor met die kiesers. Dit het steeds selfstandiger geword, in sy leiding steeds oligargieser.** Sy organisasie het in Amerika die naam gekry van „partymasjien". Die teoretiese moontlikheid dat alle stemgeregtigde burgers van 'n volk by 'n party sal aansluit. is nog nêrens verwesenlik nie. By elke verkiesing het die party dus nie slegs te reken met sy eie lede nie, dog ook met 'n politieke ongeorganiseerde massa. So het ontstaan die jag na stemme, waarin die partymasjien sy krag moet toon. **Die georganiseerde partypolitiek, met sy oorskatting van die stembusoorwinning, betoon hom maar alte veel bereid om tot die niveau van die massa af te daal. Hoe labiel is die ewewig van politieke stelsels wat van die wisselvallige stemming van die massa afhanklik is!**

### BEGINSELS VERSAAK

As ons die verderflike partypolitiek so in oënskou neem, en ons dink aan die onberekenbare skade wat dit ons volk aangedoen het, veral in die laaste jare, sodat ons magteloos lê aan die voete van ons vyande, terwyl verbitterde politeke drywers in hulle opportunisme voortgaan om die volk kunsmatig verskeurd te hou, en nou weer besin hoe hulle hul „program" kan inrig met die oog op die vang van die meeste stemme, al is dit met afwatering van grondliggende beginsels en ideale van die republikeinse Afrikaner voor wie hulle as sy enigste segsman en voorvegter wil poseer, dan vra ons ons af of dit dan is wat President Kruger bedoel het met die wens: „zoolang ik de overtuiging mag blijven koesteren dat het eenmaal aangevangen werk wordt voortgezet". **Nee, ons sal sy bedoeling veel suiwerder vertolk, as ons dit só verstaan: „Afrikanervolk, sodra jy bymekaarkom en saamstaan, kan jy jou erfenis in besit neem."**

### HANDLEIDING VIR OFFISIERE

**Dit word onder die aandag van Boerejeug- en O.B.- offisiere gebring dat 'n handleiding oor „Die oBerejeug: Sy Doel, Organisasie en Administrasie" nou by Boerejeughoofkwartier verkrygbaar is. Hierdie bundel dek 'n wye en baie belangrike terrein en dit is dus absoluut noodsaaklik dat elke Boerejeugoffisier (selfs asst.-Veldkornette) een besit en dit bestudeer. O.B.-offisiere wat graag meer omtrent die Boerejeug wil weet, word aangeraai om ook 'n eksemplaar te bestel.**

**Persone wat bestellings plaas moet hulle NAAM, ADRES, RANG EN KODENOMMER VERMELD, asook 'n posorder vir 6d. (per eksemplaar) insluit om drukkoste en posgeld te dek.**

**Die oplaag is baie beperk. As u dus nie teleurgestel wil word nie, moet u bestelling dadelik weggestuur word.**

**Bestellings vir hierdie handleiding sal vanaf 15 Oktober uitgevoer word.**

WARE KUNSWERKE

FRAGTIGE KERSFEESKAARTJIES

4 Verskillende Ontwerpe
met O.B.-Wapen

PRYS KONTANT: 4/6 per dosyn, met koeverte.

Bestel dadelik by:
BOEREJEUG-HOOFKWARTIER
Meyergebou 9, Potchefstroom.

# „Geen Miljoenêrs Vir Suid-Afrika"

**„Die tyd is verby dat ons individuele fortuine moet opbou. Suid-Afrika wil geen miljoenêrs hê nie, maar die rykdomme van die land moet in diens van die hele volk wees," het mnr. J. W. Mushet, Minister van Pos en Telegrafie en Openbare Werke, verlede week voor die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer gesê.**

**Die Minister het ook 'n sterk pleidooi vir prysbeheer gelewer en gesê dat dit die enigste doeltreffende middel is om inflasie teen te hou.**

Mnr. Mushet het verklaar dat hy vyf-en-twintig jaar gelede voorspel het dat die Afrikaner tot die handel sal toetree en sy gewig sal laat geld. Hy is toe uitgelag. Vandag het sy woorde waarheid geword. „Ek kan my dus as die vader van hierdie beweging beskou," het spr. verklaar toe hy verwys het na die rol wat die Afrikaner in die handel speel.

Suid-Afrika staan aan die begin van 'n tydperk van geweldige ontwikkelnig op handelsen nywerheidsgebied. Dit is nou die tyd om die skakels met die buitewêreld vaster te knoop. Suid-Afrika gaan 'n groot handelsvolk word. Spr. het verwys na die unieke posisie waarin die Unie verkeer om die nodige grondstowwe en materiaal in hande te kry in ruil vir ons goud en gesogte steenkool. Laasgenoemde is vandag 'n meer gesogte ruilmiddel as goud.

### GROOT BATE

**Suid-Afrika besit die rykste steenkoolvelde ter wêreld. Ons steenkool is volgens die jongste ontledings besonder geskik vir die vervaardiging van olie. Die ontdekking van goud in die Vrystaat blyk baie ryker te wees as dié aan die Rand. Dit is 'n verdere stukrag vir die ontwikkeling van 'n gesonde ekonomie, het spr. verklaar.**

**„Die tyd is egter verby dat ons individuele fortuine moet opbou. Suid-Afrika wil geen miljoenêrs hê nie. Die volk moet gesamentlik die land se rykdomme verdien. Ons landsrykdom moet so verdeel wees dat elke man en vrou 'n lewenstandaard kan handhaaf wat by geen ander land agter hoef te staan nie," het die Minister verklaar.**

Met verwysing na immigrasie, wat nodig is, het spr. gesê:

„Ons moet die ekonomiese base van hierdie land bly. Dit is vir ons om toe te sien dat ons die base bly. Dit is die taak van elke jong Afrikaner," het spr. uitgeroep.

Alle sakemanne gee toe dat daar iets steek in prysbeheer, maar sodra dit hulle besigheid raak, dan is hulle ten gunste van die afskaffing daarvan.

### VREEMDELINGE

Min. Mushet het met groot lof melding gemaak van die reuse-taak wat dr. H. J. van Eck vervul, en die wyse waarop hy dit behartig. Spr. is die mening toegedaan dat geen ekonoom in Suid-Afrika of die buiteland kan kers vashou vir dr. Van Eck nie. Dit is sy taak om toe te sien dat voedselbelange in Suid-Afrika nie in die hande van 'n groep mense oorgaan soos dit in V.S.A. gebeur het nie.

**Met verwysing na die swartmark het spr. gesê dat „dit nie ons mense is wat daarvoor verantwoordelik is nie" maar vreemdelinge. Die Afrikaanse sakeman is te wetsgehoorsaam om hom hieraan skuldig te maak.**

## DANK VIR STEUN AAN NOODHULPFONDS

Genl. Barry Grobler, stafhoof van die Johannesburgse hoofkwartier, skryf:—

Die O.B.-Noodhulpfonds wil graag die boere in die omgewing van Coligny baie hartlik bedank vir die bydraes van kosware aan die afhanklikes van ons kamerade in die Sentrale Gevangenis. Dit was baie welkom en is reeds aan hulle besorg.

Ons waardeer ook in besonder die werk wat mnr. L. H. Steenkamp in hierdie verband gedoen het.

## GEEN SAKKE UIT V.S.A. VIR UNIE

Omdat Amerika bang is vir Indië se misnoeë het Amerikaanse amptenare stappe gedoen om die herverskeping van sakke vanuit Indië deur Amerika na die Unie, te beëindig. Amerika vrees dat indien hy toelaat dat die sakke op dié manier die Unie bereik, hy ook in onguns by Indië sal raak.

Die Amerikaanse departement van handel het onlangs toestemming verleen tot die herverskeping van sakke uit Indië na Suid-Afrika. Die besluit is nou in hersiening geneem omdat die V.S.A. handelsboikot van Indië vrees. Onder die besendings wat na Suid-Afrika gestuur sou word, was o.a. 'n besending van 300 ton sakke.

## LENTE-AAND OP BELLVILLE GEHOU

Die Bellvillese kommando, onder leiding van adjte. Millie van der Berg, het 'n geslaagde funksie in die plaaslike Biblioteeksaal georganiseer, by welke geleentheid die bedrag van £8 ingesamel is.

Die funksie het die vorm van 'n gesellige byeenkoms aangeneem, waarby 'n verskeidenheid van nommers aangebied is. Uitstaande was 'n volkspelevertoning. Verversings is gratis bedien. Die saal was keurig versier met lentebloeisels en blomme. Tot laat die aand is jolige volkspele gespeel onder leiding van mev. Boonzaaier.

## NOG 'N AFRIKANER WEENS „VERRAAD" AANGEKLA

'n Vierde Afrikaner, Johannes Jacobus Snoek, het verlede week in die magistraatshof, Pretoria, verskyn op aanklag van beweerde verraad. Die kroon beweer dat hy gedurende die oorlog propaganda na Suid-Afrika oor die Duitse radio uitgesaai het en dat hy 'n eed van getrouheid teenoor Adolf Hitler afgelê het.

Snoek is in 1917 in Bloemfontein gebore, en het in 1938 na Duitsland vertrek waar hy in die drukkersbedryf gestudeer het. Hy het in 1945 na die Unie teruggekeer en was in Kaapstad werksaam.

Volgens die getuienis was die beskuldigde vertaler en nuusomroeper.

Die verhoor is verdaag tot 21 Oktober.

## ZEERUST

Op 14 September is 'n geslaagde funksie vir O.B.-dag aan huis van genl. M. S. F. Grobler te Zeerust gehou. Die mooi bedrag van £28 is ingesamel. Danksy die ywer van die vroue was al die tafels vol lekkernye. Die dag is aangenaam deurgebring met skyfskiet, jukskei gooi, volkspele en ander speletjies. Teen sononder is die funksie met vlagstryking en gebed beëindig. Daar het 'n aangename gees onder die brandwagte geheers. — (Korr.)

## NUWE KOMMANDO OP BRONKHORSTSPRUIT

'n Tweedaagse besoek aan etlike lede van die Delmas-kommando deur komdt. Hansie Venter en genl. Barry Grobler, van die Hoofkwartier van gebied E, het aan die lig gebring dat die Beweging in hierdie afdeling gedra word deur pulk Afrikaners wat geen voornemens het om die stryd van die O.B. te versaak nie. Ongelukkig was die tydie tot beskikking van die offisiere so kort dat al die lede nie besoek kon word nie.

Ten einde die area vir die offisiere makliker bewerkbaar te maak, is besluit om op 5 Oktober 'n vergadering te hou by die huis van veldkt. Hans Barnard te Bronkhorstspruit om 'n nuwe kommando in die lewe te roep.

Komdt. Venter was die eerste offisier wat sy bydrae tot die organisasie-fonds van dié Gebied gestort het. 'n Beroep om geldelike steun wat hy op 'n paar lede gedoen het, het reeds die bedrag van £25 vir die fonds gelewer. Die werk gaan voort.

# Uit Die Week se Nuus

**GEEN HUISE, DOG IMMIGRANTE:** Onderwyl daar in Kaapstad 5,945 huisgesinne op akkommodasie wag, volgens die kontroleur van mannekrag, is die regering besig om finale voorbereidings te tref vir grootskaalse immigrante uit die buiteland. Gedurende die afgelope maand is nie minder as 578 nuwe aansoeke om huise ontvang nie, terwyl in dieselfde periode slegs 200 persone aan 'n onderdak gehelp kon word.

**MEER BOUPERMITTE:** 'n Kwota-vermeerdering van £2½ miljoen vir die tydperk Oktober-Desember is deur mnr. J. W. Mushet, Minister van Openbare Werke, aangekondig. Die hele kwota vir die volgende kwartaal sal meer as £12 miljoen wees terwyl die £2½ miljoen toegestaan is vir woonstelle. Dit kan gedoen word as gevolg van die groter voorrade boumateriaal.

### KAMERADE-FONDS

Die aandag van ons lesers word opnuut gevestig op die stigting van 'n Kamerade-fonds deur die K.G. na 'n ontvangs van 'n eerste bydrae daarvoor uit die Pretoria-Sentrale Gevangenis.

Dr. P. J. Meyer, voorligtingshoof, het £5 gegee as sy bydrae. Verdere bydrae kan gestuur word aan die Gebiedskantoor in Pretoria, Posbus 1230, Pretoria.

# Geniepsige Reaksies Op Aankondiging In Sake Republiek

**Die aankondiging van dr. Malan op die onlangse kongres van die H.N.P. op Somerset-Wes dat die Republiek geen strydpunt meer by 'n komende verkiesing sal wees nie, het heelwat reaksie in kringe van die regerende party uitgelok.**

Die politieke korrespondent van die Cape Argus verwys na die „Republikeinse Grondwet" wat in opdrag van dr. Malan in 1942 gepubliseer is met die byvoeging deur sy pers dat dr. Malan die tyd nou ryp ag vir die publikasie van die stuk. Hy haal dan uit die konsepgrondwet aan om te toon hoe sterk die gesag daarvolgens in die President sou setel, en dat Afrikaans die amptelike taal sou wees. Hy kom tot die gevolgtrekking dat dr. Malan se aankondiging nou 'n aanduiding is dat „die Herenigde Nasionale Party 'n opportunistiese beleid vir die algemene verkiesing gaan volg wat binne twee jaar moet plaasvind." Hy verklaar dat die H.N.P.-leiers reeds die oorwinning vir 1948 afgeskryf het en nou konsentreer op die verkiesing van 1953.

### „NOG NOOIT"

In 'n hoofartikel laat Die Suiderstem hom as volg uit oor die beleidsverandering:

„Nog nooit het die Gesuiwerde Party sedert sy bestaan — en hy moet nie verwar word met die ou Nasionale Party van genl. Hertzog nie — 'n beleid neergelê en hom daarby bepaal nie. 'n Uitstaande voorbeeld het ons daarvan gedurende die oorlog gehad toe hulle as eerste vereiste gestel het die verbreking van die Britse konneksie en die stigting van 'n republikeinse gesagstaat wat op niks minder as 'n militêre diktatuur neergekom het nie. Hulle hele houding teenoor die Engelssprekendes, ondersteuners van die oorlog en die soldate, was presies die teenoorgestelde van wat dit vandag is. Hul het so sterk aan die demokratiese regeringstelsel getwyfel dat dr. Malan die vraag gestel het of die tyd nie aangebreek het dat dit in hersiening geneem word nie. Vandag gee hulle voor om super-demokrate te wees."

Ook op die kongres van die Verenigde Party van Transvaal het dr. Malan se aankondiging geniepsige kommentaar uitgelok. Veral min. Conroy was bitsig in sy uitlatings waarin hy verklaar het dat die H.N.P. nou „republikanisme begrawe het".

Vir Voetmoeilikhede raadpleeg 'n deskundige

Handgemaakte Voetstutjies Volgens Afmetings: 'n Spesialiteit

Physical Foot Culture
Oranjestraat 82
KAAPSTAD

W. VOIGT (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT (K.P.)

MARKAGENTSKAP
VROEE MÔRE-MARK
KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR
Eienaar: GUSTAV RETIEF EN VAN SCHOOR

Ons Gee nog Steeds LEIDING
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg — MAITLAND

„EXCELSIOR"

Die naam wat u waarborg vir suiwerheid en kwaliteit is, bied u Wyne, Brandewyne en Likeure aan wat met die grootste sorg en moeite vermeng en verouder is vir u genot.

Alleenlik die BESTE is goed genoeg vir u — EXCELSIOR PRODUKTE IS DIE BESTE.

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies. |
|---|---|---|
| WYNE: | | |
| Spesiaal Soet | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester | | |
| Hock en Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| „Cocktail" | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| DROE WYNE: | | |
| Boergonje (Rooi) | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit | 1/6 | — |

| PRYSLYS | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5 gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| FONKELWYNE: | | |
| Grand Spumante | 10/- | — |
| Grande Splendore | 7/6 | — |
| BRANDEWYNE: | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A.1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| LIKEURE: | | |
| Peperment | 7/- | — |
| Kersie, Van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| JENEWERS: | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

VOORWAARDES:
Voeg by 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels. Hierdie deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers,, spoorvrag betaald.

EXCELSIOR WYNMAKERY (Edms.) Bpk.
VLAKTEPLAATS-STASIE (KAAPLAND)

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**Darwin het na die SKAKEL tussen mens en aap GESOEK; DIE O.B. het die SKAKEL tussen adverteerder en publiek GEVIND!**

DIE O.B. vind sy weg in duisende huisgesinne oor die hele land, waar dit met toewyding gelees word.

**Uit klein akkers spruit groot bome . . .**
**Uit hierdie klein beleggings spruit groot diwidende.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: **DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

PIEK. — Aan Aletta en Johannes 'n fris Boetie vir Louis en Christo op 1 Oktober in die Leeuwendal-Kraaminrigting, Kaapstad. Naas die Goeie Gewer ons innige dank aan Dokter.

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## DOODBERIG

GERNECKE. — Paula, eggenote van Eerw. C. Gernecke van Ladismith, Kaap, oorlede aan die woning van haar dogter, Mev. Hettasch, Kuilsrivier. Die begrafnis het plaasgevind uit die Lutherse Sendingkerk, Riversdal, op Donderdag, 3 Oktober. Diep betreur.

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENT-WERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## AGENTSKAPPE

**Interprovinsiale Agentskappe (Edms.) Bpk., Groote Kerkgebou 521, Kaapstad.** Telegrafiese adres: „Interpros". Foon 2-4560. Ons is makelaars en afslaers en verteenwoordig plattelandse besighede van enige aard, sowel as die belange van privaat persone; koop en verkoop vaste en ander eiendomme enige plek in die Unie en hanteer verkopings en inkopings van enige aard in die buiteland. 5603/52

**EIENDOM.** In verband met verkoop van huise, plase en motors raadpleeg P. v. d. WESTHUIZEN, Oranjestraat 82, KAAPSTAD. Foon 2-0740. 5602Tk

**EIENDOMME.** PARWOOD AGENTSKAP, Voortrekkerweg 74, PAROW. Posbus 46, Telefoon 98-9155. Wanneer u 'n plaas, huis of besigheid wil koop of verkoop, raadpleeg ons eers. 5606/8

**Plattelandse** algemene handelaars. Laat ons u tyd en geld bespaar deur u inkope by die groothandel of fabrikante waar te neem. Ons bemark ook plaasprodukte en lewende hawe. Skryf dadelik om besonderhede aan MODERN ENTERPRISES (PTY) LTD, Groote Kerk-gebou 527, of Posbus 3971, Kaapstad. Telefoon 3-0662. 18/9/4

## ALGEMENE HANDELAARS

**COETZER SE WINKEL** H/v. Merriman- en Cookstraat, VASCO vir Dames en Babaklerasie, Kruideniersware, Verf ens. 5600TK

**OOSTELIKE WINKELS.** — Besoek ons by die nuwe perseel. H/v Adderley- en Pellstrate, Port Elizabeth. TK5529

## BENODIG

## TWEE SNELSKRIFTIKSTERS EN EEN KASSIER-TIKSTER

Applikasies vergesel van twee ontwee Snelskriftiksters en een Kassierlangse getuigskrifte word in gewag vir tikster. Applikante moet tweetalig wees, ondervinding vermeld, en wanneer dienste aanvaar kan word. Die aanstellings sal wees op 'n proeftyd van drie maande teen 'n aanvangsalaris van £15/20 per maand volgens bevoegdheid, lewenskostetoelae ingesluit. Doen skriftelik aansoek by Sekretaris, Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Bus 28, Stellenbosch.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Detroit Beet 9/-; Chantenay Wortels 12/-; Suiderkruis Blomkool 18/-; Reliance Blomkool 20/-; Kaap Spitzkopkool 10/-; Koel en Broos Komkommer 12/6; Tom Watson en Wonder Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 20/-; Skorsies: Hubbard Groen, Lang Wit Bos en Murg van Groente 10/-; Perstop Raapsaad 7/6. Uie: Australiese Bruin 7/6; Kaapse Plat 9/6; Silver King 10/6; Prei 20/-. Tamaties: Marvel 25/-; Marglobe 40/-. — K.M.B. van PREMIERS, Posbus 11, Schoemanshoek. 3/7/V

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

## EIENDOMME

**EIENDOMME.** — G. en B. PROPERTIES (PTY.) LTD. (voorheen P. G. Groenewald), Stasieweg 5, PAROW, Afslaers, Huis- en Eiendomsagente. Telefoon 9-8619.

**EIENDOMME.** As u eiendomme wil koop of verkoop, raadpleeg VAN RIEBEEK TRUST, Posbus 48, Arcadiagebou, Voortrekkerweg, BELLVILLE. Telefoon 9-7222. 5607/52.

## GEMENG

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**ELEKTRISO (EDMS.) BPK.**— Elektrisiteits- en Werktuigkundige Ingenieurs, Voortrekerweg 30, Bellville. Ons doen ankerwikkeling van enige motor of ontwikkelaar. Herstelwerk aan enige elektriese apparaat. Draai-, pas- en sweiswerk. Kom na ons. U werk word snel verrig deur gekwalifiseerde ambagsmanne. Tel. No. 9—7223. 5564-1

**ELEKTRIESE WARE.** — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke. J. H. VENTER, Vaalbank, Pk. Florisbad. 32B

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69.) Foon 2-5454.

Vir horlosiereparasies spreek **STEYN en SWART**, Posbus 3531, KAAPSTAD. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

**HORLOSIES.** — Groot verskeidenheid dames en mans polshorlosies teen billikste pryse. Dames: van £1-15-6, £2-15-0; £3-17-6; tot £15. Mans: vanaf £1-17-6, £2-15-0; £3-15-0 tot £17-10-0. Direk van Switserland ingevoer. 5 pst. afslag indien kontant met bestelling saamgestuur word. Ook horlosiebande in goud, roeslose-staal, leer ens. Skryf aan: S.A.I.D.A., Posbus 3476, Kaapstad. 25/9/4.

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL**, Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KLEREMAKERS

**STEYN en SWART**, voorlopig h/v. Merriman en Cookstrate, VASCO. Die kleremakers met 'n reputasie. Hou dop vir hul nuwe adres. 5567

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie," Tel. 136.

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## MISSTOWWE

**KARROO KRAALMIS MEEL:** Beste kwaliteit gelewer in dertien goeie tweede-hand sakke per ton. Teen £1/17/6 per ton, of £1/5/- per ton los in trok. 50 x 50 As mengsel teen £2 per ton in elf sakke per ton, gelewer in trok. Bestellings vergesel van kontant sal voorkeur geniet. C. P. COETZEE, Voortrekkerstraat, PEARSTON. 5530TK

## PATATRANKE

**STEGGIES.** — Sesmaande, wit- en borrie-patatranksteggies te koop teen 7/6 per 1000. — H. ROELOFSE, P/s Serpentine, Dist. George. 9/10/TK

**PATATRANKE.** — Ses maande Patatranke van beste gehalte teen 7/- per 80 pond. Drie maande wit 7/- per 40 pond. Ses maande-, drie maande-, wit- en borrie-steggies teen 10/- per 1,000. K.M.B. en meld stasie. Bestel van: D. G. GERBER, Hockwil, George. 2/9/TK

## PLUIMVEE

**VOLSTRUISKUIKENS.**—Twaalf sterk volstruiskuikens, ses weke oud, mak op voer. Telegrafeer of skryf hoogste bod aan: J. H. GOUWS, P.K. Groblershoop. 2/10/2B

## TE KOOP AANGEBIED

**DIAMANTE.** — Koop 'n diamant vir u verloofring, vir u belegging, vir borsspelde of sierringe, direk van fabriek. Geslyp deur Afrikaners, die beste opgeleide manne in ons land. Skryf om besonderhede aan: S.A.I.D.A., Posbus 3476, Kaapstad. 25/9/4.

**DORSMASJIEN.** — Vrystaters aandag ! ! Ek het 'n eersteklas koringdorsmasjien en wil graag met kommando's of Boereverenigings dors-ooreenkomste aangaan. Skryf aan: F. JACOBS, P.K. Vischgat, oor Vaalwater, Tvl. 9/10/2B

**BRANDWAGTE** ek het nog vier opreggeteelde Australiese Skaaphondtefies (ingevoerde grootouers). Bekend vir intelligensie, vernuf en getrouheid. Weggee-prys £2-2-0. Skryf: P. MYBURGH, Sterkfontein, Grikwastad. 9/10/1B

**HONDJIES.** — Mooi koringrooi rifrug-leeuhondjies, 2½ maande en jonger, geregistreerd met uitstekende stamregister. Uit pragtige, groot en sterkgeboude ouers met volmaakte riwwe. Gesond en vet. Reuntjies £8-8-0, tefies £5-5-0. Hokke terug. J. KEMP VORSTER, L'Idéal, P.K. Motkop, K.P. 9/10/2B

**SPANPAALTJIES** (droppers), lengte en dikte volgens bestelling; enige hoeveelheid. Brandhout op aanvraag. Gelewer Wolseleystasie. — L. BIELDT, Meulstraat, Wolseley. Foon 24. 48877/52

**SPORTBENODIGHEDE:** Vir tennisrakette, balle, tafeltennisstelle, visvang- en ander sportbenodighede. Skryf aan BELLVILLE-DIENSTE, VOORTREKKERWEG 121, BELLVILLE.

**SPEELGOED:** Meccano-stelle, nrs. 1 tot 5; Dinkie-speelgoed; Vliegtuig-modelle en -motors; Opwenspeelgoed, ens. Kom besoek of skryf aan: BELLVILLE-DIENSTE, VOORTREKKERWEG 121, BELLVILLE. 18/9/4

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

**HONDJIE.** — Dwarf Doberman Pincher. Reuntjie. Onder ses maande. Skryf aan HONDJIE, Posbus 28, Stellenbosch.

## RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**INSPAN** is tot u diens vir radio en elektriese herstelwerk. Ankerwikkeling (Armature winding) 'n spesialiteit. Vra om besonderhede van ons plaaslik-vervaardigde elektriese-ghitaar. Sonskyn handelsmerk. Let op ons adres: H/V MOUNTAIN- EN EDENWEG, WOODSTOCK. Foon 5-4559. (25/9/TK

## VAKANSIE-OORDE

Vir 'n genotvolle vakansie kom na ideale plaas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes. Billike terme.—Doen aansoek: MEV. A. BADENHORST. 31/7-12/9

## WYNE

**VYF GELLING** Muscadel-likeur £2 12s. 6d.; anker £3. 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

## *SCHOEMANELLO DRANK*

**Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste**

**KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE**

| | Per bottel van 4 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/ |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/t |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/( |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) | 1/5 | 6/( |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/ |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/ |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/ |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sy lyne. K.B.A. plus treinkommissie V.O.S. OUDTSHOORN.**

**Bestel van**

**JURGENS SCHOEMAN.**
**BUS 142 ● OUDTSHOORN**

## *Beskerm u Oë*

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

**Wahl, Lawrence EN KIE.**
**BRILMAKERS**
**Adderleystraat 120a, Kaapstad**
**Foon 22408**

## KERSFEESKAARTJIES!

Lede word hiermee kennis gegee dat Boerejeughoofkwartier vanjaar weer die verspreiding van O.B.-kersfeeskaartjies onderneem. Hierdie keer kry u weer baie mooi kaartjies met mooi spesiale ontwerpe en die O.B.-wapen op elkeen. Een ontwerp met slagspreuke is in die Sentrale-gevangenis deur een van ons kamerade ontwerp — 'n ware kunswerk. So is die ander ook vanjaar.

Daar is vier verskillende ontwerpe in elke dosyn. Dit word as 'n stel, die vier ontwerpe saam, verkoop en mag nie uitgesoek word nie. In elke dosyn is dus 3 van elke ontwerp.

**Die prys is 4/6 per dosyn, wat koeverte insluit. Slegs kontant bestellings sal uitgevoer word.**

**Begin dadelik bestellings in u afdeling opneem. Uitvoering geskied vanaf 15 Oktober.**

**WEES GESPIERD**



**JOHAN HEFER**

Vul onderstaande in en pos aan:
**Die HEFER-INSTITUUT vir GESONDHEID EN LIGGAAMSONTWIKKELING, Posbus 3494, KAAPSTAD.**

Stuur asseblief nadere besonderhede in verband met u Liggaamsontwikkeling-kursus.

Naam ..............................
ADRES ..............................
..............................
Ouderdom .............................. (1)

## VOLKSKAS BEPERK

### VAKATURES VIR JUNIOR-BANKAMPTENARE

Aansoeke word ingewag van seuns wat aan die einde van hierdie jaar die Matriek- of ander gelykstaande eksamen aflê en begerig is om 'n bankloopbaan te volg. Aansoekvorms tesame met verdere besonderhede is op aanvraag van enige takbestuurder van die Bank of van die volgende adres verkrygbaar:

Die Hoofbestuurder,
VOLKSKAS BEPERK,
Posbus 578,
PRETORIA.

## NOODLENIGING IN DUITSLAND

Berigte wat so pas uit Duitsland aangekom het, vertel van 'n geweldige tekort aan skoene en klere. Aangesien die Europese winter voor die deur staan, doen die Kaaplandse Komitee vir Noodleniging 'n dringende beroep om nuwe of gebruikte klere. Die pad oor die Kwakers is nou oop en aflewerings van besendings in Duitsland kan nou gewaarborg word. Donasies of besendings kan gestuur word aan:

MEV. B. STEYTLER, ALBERTWEG 20,
TAMBOERSKLOOF, KAAPSTAD,

of aan

MEV. E. SCHWEICKERD, PRETORIUS-
STRAAT 607, PRETORIA.

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 9 OKTOBER 1946

# Ons Eer Ons Helde

*„Bewaar," roep hy, „u sede,*
*„U godsdiens en u taal,*
*„En skep uit u verlede*
*„U toekomsideaal."*
*—(A. G. Visser oor Pres. Kruger.)*

Wat 'n mooi gebaar om op hierdie wyse aan ons helde te dink; om een dag in 'n jaar Heldedag te noem en hulle te eer! Wat 'n band van liefde, wat 'n drang vir vryheid, wat 'n wil kenmerk nie die Afrikanervolk nie, maar — watter smart lê ook nie in sy geskiedenis opgesluit nie. Wat het die Afrikanervolk nie gemeenskapliks in die korte tyd van sy bestaan nie! Hoe het ons ou volkie nie met angs in tye van bedreiging gebid vir redding, vir uitkoms, vir leiding. Het die leiding gekom? Was daar redding gewees? Laat ons sien:

Piet Retief, meer staatsman as krygsman, het rigting en ideaal aan die Groot Trek gegee; Andries Pretorius, 'n skitterende militaris, het die slag van Bloedrivier gelewer en sodoende die voortbestaan van die Afrikanervolk in hierdie land verseker; Piet Joubert wat 'n stryd tot dusver nog onbekend vir die Boerevolk moes aanpak het as held van Ingogo, Skuinshoogte en Amajuba die vryheid van die twee Boere-Republieke verseël.

Ons is 'n ryk volk, ryk aan groot manne wat hy telkens opgelewer het en weer sal oplewer om by elke wenteling van die lot die leiding te neem en die deurslag te gee. Elke wenteling van die lot het vir ons 'n nuwe stryd beteken — elkeen geheel en al verskillend van die voriges — maar nietemin, **telkemale is vir ons die regte man gelewer.**

### VRYHEIDSOORLOG

En toe het daar 'n nuwe krisis vir die Boerevolk aangebreek — Die Tweede Engelse Oorlog:

Ons volkie moes homself regskud want op hierdie tydstip het ons net oor twee bekende militêre leiers beskik, nl. genls. Piet Joubert en Piet Cronjé wat ook nie lank saam met die strydmagte sou optree nie, want genl. Joubert sou vroeg in die stryd reeds heengegaan het en genl. Cronjé sou met al sy manskappe by Paardeberg oorgee. Die stryd wat ontketen is, is ook ongekend in die geskiedenis van die Boerevolk wat betref getalle en metode. Maar ook hier net soos voorheen kon die Afrikanerdom homself laat geld; was daar vir hom redding en dit is so beskik dat **redding uit homself sal kom:** Uit die stryd het manne, vroeër skaars bekend aan hul volk, soos nuwe sterre aan die hemeltrans begin verrys, manne soos Louis Botha, De la Rey en Christian de Wet wat nuwe bloed in die are van hulle volk laat klop het. Hulle sou 'n verdediging ontketen wat weerklank oor die hele wêreld sou vind en wat elke Afrikaner trots die name van die Driemanskap sou laat noem, en die talle ander heldename wat onder hulle leiding geopereer het.

### OOM PAUL

Maar nie alleen het hulle name geval op die lippe van miljoene nie — bo hulle het die verpersoonliking van hulle hele ideaal — van hul volk se ideaal soos 'n rysige monument getroon — die staatsmanskap van 'n Paul Kruger: Paul Kruger — staatsman, volksman, Godsman. Een bonkige stuk met beginsels vasgeanker in die groot Wetboek, die Bybel, kon hy nie minder wees as wat hy was nie, kon hy nie anders wees —

„Soos 'n berg ongebuk,
„breed en bonkig van stuk —
nie.

**'n Volksleier — 'n reuseverpersoonliking van eerlikheid, standvastigheid, geloof. Wat uitgestyg het bo die kleinmenslike motiewe en onsterflike** roem tot loon gehad het, sowel vir homself as vir sy volk.

Vir sy volk het 'n President Steyn tot aan die einde van die stryd met sy manne in die veld gebly en aan sy volksgenote het hy uitgeroep: „Die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde is die taal van slawe."

„Liewer met my volk op 'n mishoop as met prinse in hul paleise," het 'n Christian de Wet uitgeroep.

„Storm burgers!" en sy baard het soos arendsvleuels by sy ken verbygestaan — 'n De la Rey het storm gejaag.

Maar ook:

„Waar die wêreld swyg send
die natuur oor die veld
„'n ere-saluut vir die vryheidsheld —
„'n Dondergrom soos 'n klag in
die nag
„Wat harte verskeur —
„Maar hoor! Daar klink 'n gelofte deur
„Vir 'n dag wat kom!"

'n Christiaan Beyers se graf word deur sy kamerade toegegooi. Ons eer ons helde.

# Nuttighede Uit Blik

Maats, ongelukkig kon ons, weens gebrek aan ruimte, nie met ons blikwerk in ons vorige blaadjie voortgaan nie.

Het julle al „kartoffel-puffers" geëet? Nog nie? Hiervoor het ons o.a. 'n rasper nodig, dus maak ons dit gou eers. Kry gou daar een van die blikke wat jy weggebêre het — en natuurlik ons gereedskap.

Meet twee stroke van 1 duim breedte elk (a) aan weerskante van die blik se naat, — dus vier stroke van 1 dm. elk. Neem




nou die blikskêr en knip twee stroke (b) van bo na onder, maar moenie die nate bo en onder deurknip nie. Knip dan ook die buitekantste twee stroke so 'n duim los (c). Kyk gou na fig. 1 dan sal jy verstaan wat ek bedoel. Vergelyk die letters in hierdie skrif met dié op die skets.

Sien jy nou dat 'n mens met behulp van 'n tang daardie 1 dm. stroke na die binnekant van die blik kan buig? Kap dit nou plat sodat jou blik 'n handvatsel het wat 2 dm. breed is. Neem gou 'n vyltjie en maak die skerpkante glad. (Fig 2.)

Met 'n lang spyker kap ons gou 'n aantal gaatjies in die blik — van binnekant na buite. Om 'n growwer rasper te maak, neem ons 'n skerp stuk yster en kap daarmee.

En nou die „kartoffel-puffers"! Maar wag, ons moet hulle eers klaar gemaak het, voordat ons mond mag water.

Ons rasper gou 'n klompie aartappels — op ons eie rasper natuurlik — en raak van soveel soppigheid as moontlik daaruit ontslae deur die water af te gooi. As jy te min aartappels het, kan jy 'n bietjie broodkrummels of meel byvoeg. 'n Uietjie en 'n eier of twee sal help om die smaak te verhoog. En seuns, omet otog nie die sout en peper vergeet nie!

Roer nou aartappels, eiers, uie en sout en peper deurmekaar.

Intussen het ons daardie pan wat ons verlede keer gemaak het, op die vuur gesit en 'n bietjie vet of olie daarin gegooi. Die aartappel-mengsel vorm ons nou mooi in klein dun koekies en sit hulle in die pan in die warm vet. As hulle so 'n donkerbruin kleur kry, kan jy daaraan begin dink om jou mond te laat water. As dit nou nog sleg smaak is dit jou eie skuld, nie myne nie.

Volgende keer maak ons 'n paar stukkies gereedskap vir ons volgende laertrek. Nee, ons gaan nie weer eet nie.

### BRITTE WORD NIE GEKEUR NIE

**Britse immigrante wat wens om na Afrika te kom en hulle hier wil kom vestig, sal nie deur die immigrasieraad gekeur word soos dit met immigrante van ander lande die geval is nie, het min. Clarkson verlede week op die Verenigde Partykongres van Transvaal gesê.**

# Brief Nr. 6

Boerejeug,

Eers was die enkeling aan die beurt, toe die gesin en daarna die volk. Die volk omvat sowel die enkeling as die gesin.

Hoe en wanneer het die Afrikaanse volk ontstaan? Dit is interessante vrae waarop ons nou nie hier kan ingaan nie. Ons vind die antwoorde in ons vaderlandse geskiedenis wat 'n lieflingsvak van elke Boereseun en Boeredogter behoort te wees. Gelukkig verskyn daar teenswoordig mooi werke oor ons geskiedenis. Om maar een te noem wat verlede jaar die lig gesien het: „Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, deel 1", onder redaksie van Prof. Dr. C. M. van den Heever en Prof. Dr. P. de V. Pienaar. Dit word aangekondig as „die eerste beskrywing van die Boere-volkslewe in al sy vertakkinge." Dis sommer 'n baie mooi boek. Daarin skryf Prof. Wiid op bl. 42: „Die instelling van Vryburgers in 1657 is 'n mylpaal in die geskiedenis, want dit is die geboortejaar van die Boerenasie in Suid-Afrika." Dus is ons Boerenasie een van die dae 300 jaar oud! Wat het hy in daardie 300 jaar nie al deurgemaak nie? 'n Gedurige geworstel teen barbare, onbeskaafdes en beskaafdes, 'n geworstel teen natuurkragte wat gedreig het om hom te oorweldig. En tog bestaan ons nasie nog, al worstel ny nog steeds om die kop bo water te hou. Waarlik, as ons aan al die gevare dink wat ons volkie vanaf die dag van sy geboorte tot vandag toe bedreig het en nog bedreig, dan moet ons glo dat die Here met ons 'n doel het waarvoor Hy ons nog bewaar. Daarom het Hy ons hierdie land geskenk en het Hy van ons 'n volk gemaak. Dis dan ook die Boer se geloof in sy God wat hom telkens weer met moed en durf besiel het, wat man, vrou en kind laat aanhou het. Want groot was die teleurstellings wat ons volk keer op keer te beurt geval het. Grootste van almal was die ontrou en verraad wat menigmaal die dapperstes laat wanhoop het. Dankbaar kan ons daarteenoor dade van onwrikbare trou en taaie volharding stel.

Die oorlogsjare wat skaars agter die rug lê, was vir die Afrikaanse volk weer so 'n vuurproef. Ons monde was gesnoer, ons gewere is afgeneem en die interneringskamp en tronk moes die Afrikaner in sy eie land „onskadelik" maak. Maar kyk, toe die Afrikaner nie kon **praat** nie, toe het hy **gedoen. Die woord moes wyk vir die daad.** Dis seker daarom dat die Engelse 'n „Praathuis" in ons land ingevoer het, sodat ons heeldag kan praat en twis en vergeet om te doen.

Wat is dan in daardie moeilike oorlogsjare deur Afrikaners uitgevoer? As julle daarvan iets wil lees, vra vir Pa of Ma om as verjaardaggeskenk of sommer omdat hulle vir julle lief het, vir julle die pasverskene boek **„Sonder Gewere"** deur S. J. de Jongh te koop. Daarin kry julle feite al word **name** verswyg. Nie altyd aangename feite nie, want weer was daar gevalle van ontrou en verraad; maar tog ook feite oorgenoeg wat oortuigende en inspirerende bewys lewer van volkstrou, vryheidsliefde en heldemoed. Die boek is in verhaaltrant geskrywe en boei 'n mens van begin tot end. Elke Boerejeugveldkornetskap behoort 'n paar eksemplare vir sy biblioteek aan te skaf en te sorg dat elke seun en dogter dit lees.

DIE JEUGLEIER.

# Handseine

Die volgende is enkele handseine wat deur 'n leier van 'n formasie tydens skynaanvalle, ens. gegee word:

ENKEL-LINIE (agter leier)
Regterarm word vertikaal bokant die kop uitgestrek.







DUBBEL-LINIE (agter leier)
Albei arms word vertikaal bokant die kop uitgestrek.

SPEERPUNT-FORMASIE
Albei arms word V-vormig bokant die kop uitgesteek.

FRONT-FORMASIE (albei kante van leier)
Albei arms word horisontaal na die kante van die leier uitgesteek.

# Paarl Presteer

Op 9 Augustus l.l., Fondsdag van die O.B., het die Boerejeug van die Paarl weer 'n mylpaal in sy korte bestaan bereik en 'n onmisbare skakel in ons Volksbeweging getoon.

**Onder leiding van Jgkomdte. Hofmeyr, bygestaan deur haar vlytige offisiere, dogters en seuns, is die mooi bedrag van £75 ingesamel met 'n eie Boerejeug-tafel**

In samewerking en in die jeug lê ons volk se krag!

Ook is onlangs met die sluiting van die skole daar, gesellig afgesluit met 'n byeenkoms die Woensdagaand in die O.B.-sentrum. 'n Vrolike groepie het opgedaag en oom Abie het 'n paar van sy rolprente getoon, o.a. van die beroemde Victoriawatervalle, die Voortrekker-Eeufees en 'n toer deur Namakwaland met sy pragtige veldblomme. Dit was regtig die moeite werd om te sien. Voor die afsluiting van die verrigtinge het veldkte. I. Laubscher 'n paar baie mooi plate gespeel wat ook regtig geniet is.

Met belangstelling word uitgesien na die volgende byeenkoms.

# Voer Ou Praktyk In Met Nuwe Wet

## Britse Blad Se Vrees

**'n Erkenning dat die Neurenbergse hof spesiaal ontwerp is om die saak teen die Duitse leiers te pas, en dat dit gegrond is op 'n wet wat voor die samestelling van die hof nie bestaan het nie, is vervat in 'n hoofartikel van die Londense Daily Mail. Die blad verklaar:**

„Vir die eerste keer is leiers van 'n staat voor 'n internasionale hof gedaag, en in daardie opsig is dit uniek. **Maar dit is ook uniek daarin dat dit manne vir 'n misdaad verhoor het—sameswering tot agressiewe oorlog — wat nie deel van die reg gevorm het voordat die hof tot stand gebring was nie.**

„Die Neurenbergse hof is saamgestel deur die vier moondhede wat dit gelei het. Die hof het sy eie prosedure ontwerp en het die wet terugwerkend gemaak sodat dit sommige van die beskuldigings in die aanklagte kon dek . . . .

„Hierdie afwyking van die gewone praktyk moet nogtans sonder versuim opgeneem word in 'n nuwe handves van die volkereg wat deur alle volke onderteken moet word.

**„Neurenberg het 'n gevaarlike presedent geskep. In afwesigheid van voorsorgmaatreëls kan sommige volke sy betekenis verkeerd vertolk en meen dat dit gebruik geword het om die leiers van die verloorkant te dagvaar en tereg te stel net omdat hulle verloor het. Dit sal 'n terugkeer wees tot die dae van stamgevegte toe dit die voorreg van die oorwinnende kaptein was om sy minder gelukkige teenstander dood te maak."**

# Unie Wil Kinders Vir Ander Grootmaak

**Die Unie-regering het aangebied om Griekse weeskinders te ontvang en groot te maak en hulle na mondigwording weer na hul vaderland te laat terugkeer, na uit Athene verneem is, waar besware van kommunistiese kant daarteen gemaak is.**

Die linksgesinde Griekse pers het die feit aan die lig gebring dat die Unie-regering 'n ooreenkoms met die Griekse regering aangegaan het waarvolgens Suid-Afrika onderneem om Griekse oorlogswesies aan te neem en hulle in 'n Griekse gees groot te maak deur middel van die Griekse taal, en hulle dan na mondigwording te laat terugkeer na hul vaderland. **Volgens die berig maak die ooreenkoms met die Griekse regering deel uit van 'n groter plan waarvolgens weeskinders uit lande wat deur die oorlog geteister is, na die Unie gestuur en versorg sal word.**

Daar is 'n rede . . .

Die merkwaardige opkoms en groei van VOLKSKAS is nie maar bloot toevallig nie. Daar is goeie redes waarom hierdie Bank steeds presteer en uitbrei — en die belangrikste is ongetwyfeld die gehalte van die bankdienste wat deur sy takke gelewer word.

VOLKSKAS se deure is oop vir alle gesonde banksake; die privaat persoon ontvang dieselfde flinke aandag as die grootste sake-onderneming; geen transaksie word te klein of te groot beskou nie.

As u belangstel in 'n omvattende, doeltreffende bankdiens, gelewer in 'n gees van welwillendheid beveel ons aan dat u met ons naaste takbestuurder in verbinding tree.

VOLKSKAS BEPERK

Deposito's Oorskry £10,000,000

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS

HOOFKANTOOR: PRETORIA.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 702, Kerkplein, Kaapstad.



BOODSKAP UIT TRONK: Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, luister na die boodskap uit die tronk wat aan hom voorgelees word deur dr. G. Cronjé, by geleentheid van sy verjaardagviering in Pretoria. Voor onder die verhoog staan mev. Van Rensburg. Die boodskap van die gevangenes, wat slagoffers is vir die Republiek, het gelui: „Ons volhard in die stryd." Die antwoord van die Ossewabrandwag is: „Ons gaan voort met die stryd om 'n Republiek."

# Minister Mushet Beloof Pakkette-Diens Na Deel van Duitsland

***In opdrag van mnr. J. W. Mushet, Minister van Poswese, sal daar hopelik binne enkele weke 'n gereëlde en regstreekse pakkette-diens ingestel word na die Brits-besette deel van Duitsland, na Die O.B. meegedeel is in 'n persoonderhoud met die Minister na aanleiding van die weiering van die Poskantoor om pakkies oor Switserland na Duitsland te stuur.***

Geen bevredigende verklaring kon voorasnog van die Poskantoor verkry word vir die weiering om pakkies na Switserland wat vir Duitsers bedoel is, te versend nie. **Navraag deur Die O.B. by die posowerheid het 'n Babel van uiteenlopendhede, indien nie teenstrydighede, ontketen.**

Aanvanklik is betoog dat die pakkies na die afsenders teruggestuur is omdat daar geen pakkettediens na Duitsland is nie. **Deur Die O.B. is aangevoer dat die pakkies nie na Duitsland gestuur word nie, maar na Switserland, waarheen daar tog 'n normale posdiens is. Daar is toe verklaar dat talle pakkies verlore raak, en dat die diens daarom verbied is. Deur Die O.B. is verwys na 'n berig in die Engelse pers waarin verklaar is dat duisende pakkies na Engeland nooit hul bestemming bereik nie, en dat daar groot ontevredenheid in Britse kringe oor hierdie toestand heers. Waarom word hierdie diens dan nie ook gestaak op dieselfde grond nie? is gevra.** Op hierdie vraag kon geen antwoord gegee word nie behalwe dat ondersoek ingestel sal word.

### „DEPARTEMENT VAN HANDEL"

Uiteindelik is Die O.B. meegedeel dat dit eintlik 'n reëling van die Departement van Handel is wat nie wil toelaat dat goedere die land uitgestuur word wat in Suid-Afrika gebruik kan word nie. **Maar ook hierop is verwys na die pakkies wat daeliks in duisendtalle na Engeland gestuur word, en dus ook verbied moet word.**

Ten slotte is die verklaring gegee dat die internasionale posooreenkoms dit verbied dat pakkies na 'n land geadresseer word vir herversending na 'n ander adres. **Die feit dat hierdie verklaring nie uit die staanspoor gegee is nie, maar eers na daelange ondervraging van beamptes versterk die indruk dat die hele kwessie sy grond het in haat van die kant van die hoogste, meesal eentalige posbeamptes teen die Duitse volk, en dat dit aangegryp is as 'n middel van wrewelige diskriminasie teen 'n verslane vyand.**

Sover vasgestel kan word, het die Switserse liefdadigheidsorganisasies hul eie afleweringsdienste, sodat selfs in hierdie geval dit nie heeltemal seker is of die Poskantoor binne die perke van sy verpligtinge optree nie.

### MINISTER TREE OP

Toe hierdie ongerymdheid onder die persoonlike aandag van die Minister van Poswese, mnr. J. W. Mushet, gebring is, het hy hom baie simpatiek uitgelaat en Die O.B. meegedeel dat hy persoonlik ten gunste van hulpverlening is, en dat deur sy toedoen daar reëlings getref word om pakkies uit Suid-Afrika na die Brits-besette deel van Duitsland te stuur op dieselfde voorwaardes as wat pakkies na Engeland gestuur word. **Daar word gehoop dat die skema binne drie weke in werking sal tree, het hy gesê. Hierdie pakkies sal dan regstreeks na Duitsland gestuur kan word** aan individuele persone sonder dat dit eers Engeland hoef an te doen. **Dieselfde beperkings, wat op Britse pakkies rus wat betref inhoud en gewig, sal vir die Duitse pakkies geld.**

## Barrydale Begeer Samewerking

Barrydale het op Vrydag, 27 Sept., onder blyke van besonder bemoedigende geesdrif O.B.-dag gevier en die pragtige bedrag van £114 ingesamel in die vorm van 'n basaar, wat opgevolg is deur 'n eetmaal die aand. 'n Openbare vergadering wat die aand onder voorsitterskap van komdt. S. Joubert gehou is, is goed bygewoon ook deur etlike belangstellendes buite die Beweging.

Nadat genl. J. Swart van Heidelberg 'n kort voorwoord gedoen het, het hoofgenl. Max Smuts die vergadering toegespreek en 'n duidelike uiteensetting gegee van die roeping van die Ossewabrandwag en aansluitend daarby uitgewei oor die kwessie van samewerking met behoud van identiteit, waarvoor die O.B. hom beywer.

Die gehoor het blyke gegee van groot gretigheid vir samewerking wat as volstrekte noodsaaklikheid beskou word indien die Afrikaner die krisis waarin sy bestaan verkeer, wil oorleef.

Na die toespraak is ruime geleentheid gegee vir vrae, en almal is deur die antwoorde van die spreker tevrede gestel.